Arbor Vertelgraaf
Episode 4

Een keer om die son

Herinnering vir episode 4
Braai van malvalekkers om die kampvuur!

Wanneer pappa braaivleisvuurtjie kry die hele gesin. weer 'n aansteek. Sit saam om die braaivleisvuur, gesels en vertel stories, lag en braai malvalekkers.

Herfs- *een van die mooiste seisoene*

> Raak 'n wyle rustig en sien die ritselende blare raak, selfs al is daar nog werk om te doen.
>
> – *Elizabeth Laurence*

> Wanneer elke blaar 'n blom is, is herfs 'n tweede lente.
>
> – *Albert Camus*

Herfs is in volle swang hier by Arbor. Die akkerboom reus in die middel van die speelgrond verbloom die mooiste kleure van geel, rooi en bruin blare. Prentjiemooi verby. Nog 'n seisoen is op ons en dit sorg vir baie pret en plesier vir die Arbor-maats.

11 April: Waterspel

Water kan gebruik word vir soveel dinge bynoodsaaklik:
Kosmaak, wasgoed was, skottelgoed was en bande was; maar...

Wie sou nou kon dink dat 'n kleurlose, reuklose en smaaklose vloeistof soveel pret kan verskaf aan kleuters.

Van papier skeur in water (lekker vir die fynmotoriese ontwikkeling) tot bootjies laat dryf en "vissies" vang. Ons kleiner maats het lekker met skuim gespeel! Wie hou nou nie van water en skuim nie!!
Daar het ook 'droë spel' plaasgevind. Die kleuters het 'n houer vol herfs skatte gehad om te ontdek. Van akkers en boombas tot blare en dennenaalde.
Gooi 'n paar diere by en SIEDAAR...

PAASFEES

Jesus het aan die kruis gesterf
En so die mensdom met vryheid bedef
Deur sy bloed is ons vrygekoop
Met 'n geruste hart kan ons op die aarde loop.

Dankie Jesus vir ons groot geskenk
Die rede hoekom ons Paasfees herdenk
Dankie vir al die liefde Heer
U is altyd daar, keer op keer.

#Pretnkryte

By Arbor vier ons Paasfees op 'n baie spesiale manier.

Die dag begin met 'n saalopening. Leon en Lien het kom kuier uit *Poppekasland*.
Hulle het mooi geweet waaroor Paasfees gaan nie.

Hulle het gedink dit gaan net oor paaseiers en sjokoladehasies.

Juffrou Nicolene het toe vir ons kom vertel. Sy het 'n hele storieboks vol interessante goedjies gehad om ons te help onthou waaroor Paasfees regtig gaan.

Dankie en palmtak
Herinner ons aan die dag toe Jesus op die donkie se rug Jerusalem binne gery het. Mense het palmtakke neergegooi op die grond sodat hy daarvoor kon loop, want Hy is ons koning.

Stukkie brood en druiwesap
Herinner ons aan die laaste ete wat Jesus saam met sy dissipels gehad het. Dit is waar die nagmaal ingestel is. Die brood is die teken van Jesus se liggaam wat gekruisig sou word. Die sap is die teken van Jesus se bloed wat sou vloei aan die kruis.

Druiwe rooi
Herinner ons aan die lyding van Jesus toe hulle hom gespot het en 'n doringkroon op sy kop gesit het.

Kruisie en hartjie
Herinner ons aan dat al die verkeerde dinge wat ons doen, het Jesus op homself geval omdat hy ons lief het. Hy het al ons sonde gevat uit liefde uit.

Kruis
Die soldate het Jesus toe aan die kruis gehang en met spykers vasgeslaan. Jesus het vir ons aan die kruis gesterf vir ons sonde.

swart paper
Nadat Jesus sy laaste asem uitgeblaas het, het dit pikdonker geword vir 3 ure.

Wit lap
Hulle het vir Jesus in wit lappe toegedraai en in die graf gaan sit.

Klip
Hulle het 'n groot klip voor die graf gerol sodat niemand Jesus kan steel nie.

Paaseiers
Die hol paaseier herinner ons aan die leë graf nadat Jesus opgestaan het. Die malvalekker-eier herinner ons aan 'n nuwe lewe. Soos wat Jesus aan ons gegee het deur vir ons kruis te sterf.

Daarna het die kleuters paaseiers gaan soek en toe 'n heerlike piekniek gehou in Arbor se tuin.

In hul Bybelse-uitrustings en spesiale pekniekhappies, soos 'n vars brooitoetjie, kaas, druiwe, dun beskuitjies en vruglesap, het die kleuters omtrent 'n heerlike Paasfees feesmaal gehad.

23 April: Wêreldboekedag

Orison Swett Marde se siening oor boeke is beslis iets om te deel.

> 'n Boek is 'n vriend vir die eensames, geselskap vir die wat verlate voel, vreugde vir die wat hul vreugde verloor het, hoop vir die moedeloses en hulp vir die wat nie weet, waarnatoe nie. Boeke bring lig na die donker en sonskyn na die skaduwee.

Stories en lees is so belangrik. Lees maak 'n kind se wêreld soveel groter en sluit sy verbeelding oop.

Dit leer kinders ook om met empatie na ander mense te kyk.

Op Wêreldboekedag het ons oulike juffrouens vir die kleuters lekker storie gelees buite in die tuin.

25 April: Moddersprel

Moddersprel is altyd vet pret vir die kleuters. Juffrou Mandie sorg altyd vir ekstra pret wanneer dit kom by moddersprel.

Kleuters kon hul eie "modder pizza" bou. Modder was gebruik as die basis en dan allerhande natuurlike hulpbronne soos blare, akkers en gekleurde aartappels vir die "toppings". Die kleuters het hul gate uit geniet.

Daar was ook moddersprel vir Die Nessie en Denneklas. Hulle het 'n lekker soet, taai pasta en sjokoladesous konkoksie gehad wat baie pret verskaf het.

Kreatiewe Aktiwiteitsdag

Vandag het ek uitgegaan.....

Ek ontdek die verskillende tekstuwe van boombas, die gras, klippies, akkers en al die ander natuurlike skatte wat ek aanraak.

Ek gebruik my grootmotoriese vaardighede om te klim en klouter opsoek na die perfekte goed vir my kleigesig.

Ek gebruik my fynmotoriese vaardighede om klein stokkies op te tel asook akkers en blare.

Ek het ook gewerk aan my vroeë leesvaardighede deur na die voëltjies se gesang te luister.

Ek het van kleure geleer deur na al die pragtige blomme te kyk.

Om buite te speel gee my eindelose geleenthede om kreatief te dink en my verbeelding te gebruik.

Kleuters gebruik hul verbeelding en maak kleigesiggies. Dit laat Arbor se speelgrond sommer nog vroliker lyk.

"Keep playing and exploring in nature."
www.wearegreenexploring.co.za

Temas

Hier is die temas wat ons hierdie maand gedoen het.

8 - 11 April : **Herfs**
14 - 17 April : **Paasfees**
22 - 25 April : **Groente en Vrugte**